24 Julie 2022

Gr R tot Gr 3

Wat **vra** jy?

Lukas 11:1-13

voorbereiding

Neem saam:

- Pakke speelkaarte
- Afdrukke van die gebedsjoernaal
- Inkleurpotlode om die gebeds-joernaal mee te versier

bid **tyd**

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

gesels **tyd**

Wat maak jy as jy iets wil hê of iets wil weet?
Antwoord: Jy moet vra.
Maar vir wie vra jy?
Antwoord: Vir iemand wat meer weet as jy of iemand aan wie dit behoort wat jy graag wil hê.

Ons almal het al iets in ons lewe gevra. Dalk het jy vir 'n sekere persent gevra wanneer dit jou verjaardag is. Of dalk het jy vir pappa gevra om die blik met koekies bo van die rak af te haal. Wat jy het al vanoggend vir iemand gevra? *Gee die kinders kans kom te antwoord. Daar is geen regte of verkeerde antwoord nie.*

Wanneer ons hulp vra, besef ons dat ons mekaar nodig het. Ons het pappa se lengte nodig om te rek tot bo by die koekieblik, of ons het sussie se skerpmaker nodig om jou potlood skerp te maak, want jy het nie jou eie skerpmaker nie.

So wanneer ons iets vra, besef ons dat ons iets nodig het, en ons weet dat die een wat ons vra, kan ons daarmee help om dit in die hande te kry. Soms kan iemand vir jou nee sê as jy iets vra, omdat hulle dalk nie dit wat jy nodig het, by hulle het nie, of dat hulle dit nie mag gee nie. Maar dit keer jou nie om te vra nie.

gesels **tyd** (vervolg)

Kom ons speel 'n speletjie:
Vissievang met kaarte: Deel kinders in groepies van 6-8 per pak kaarte. Deel vir die kinders elk 5 speelkaarte uit. Sit die res onderste bo in die middel van die kring neer. As jy twee van 'n soort het, moet jy probeer om die res van jou soort kaart bymekaar te maak deur op jou beurt, te vra of iemand dalk jou kaart nommer het, byvoorbeeld: Het iemand 3's. Almal wat dit het, moet dit aan die een wat vra, gee. As niemand 'n no.3 het nie, moet die een wat gevra het, 'n kaart optel van die pak in die middel en die volgende een kry 'n kans om te vra. Wanneer jy al 4 kaarte van dieselfde nommer het, is jou pakkie vol en kan jy dit voor jou neersit. Die een wat eerste al sy kaarte uit sy hand neergesit of weggegee het as iemand vra, wen.

In die speletjie moet jy vra, en wat jy vra, sal vir jou gegee word, as die ander dit het of kan help, anders moet jy maar eers wag voor jy weer kan vra. Ons gaan vandag ook kyk na wat kinders van Jesus moet vra.

sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Liedboek 543: Here Jesus ek is klein
Here Jesus ek is klein
Maak U self my lewe rein
Laat ek altyd van U leer
Laat ek groot word tot U eer

O Jesus neem my
O Jesus lei my
O Jesus sterk my
En vorm my tot U eer.

Liedjie: Dankie Heer
Dankie Heer, dat U in my bly
Dat U Woord, en Gees my ook lei
U is my Vader, U is my Heer
Graag wil ek lewe soos U my leer.

BYBEL tyd

God die Vader het ons so lief gehad, dat Hy vir Jesus aarde toe gestuur het om vir die mense te kom leer wat regtig saak maak en hoe om lief te wees vir mekaar.

Jesus het gereeld gaan bid. Om te bid is om met God te praat. Om vir Hom te vertel wat jou bly en gelukkig maak en wat jou hartseer maak. Om Hom te vra om jou te help, maar ook om vir Hom dankie te sê vir alles wat Hy vir jou doen. Die dissipels, dit was die mense wat altyd saam met Jesus geloop het, het gesien Hy bid gereeld en praat met God, maar hulle het nie geweet hoe om dit te doen nie. Hulle het wel geweet dat hulle graag alles wil doen wat Jesus doen. En toe vra hulle Hom om hulle te leer bid.

Kom ons lees daarvan in die Bybel.
Lees vir die kinders voor uit Luk.11:1-4.

Ons noem die gebed wat Jesus vir die dissipels geleer het, die Onse Vader. Ons ken dit ook vandag nog.

Het iemand vir jou 'n gebedjie geleer toe jy klein was? Kan jy dit onthou en wil jy dit met ons deel. *Gee kans as daar van die kinders is wat hulle gebedjies wil deel.*

Ons gebedjies en die Onse Vader leer ons dat ons met God, wat ons Hemelse Vader of Pappa is, kan praat. Ons kan vir Hom vertel wat ons opgewonde maak, ons kan vir Hom sê wat in die natuur wat Hy gemaak het vir ons baie mooi is. Maar ons kan Hom ook vra om elke dag vir ons te sorg en om vir mense om te gee.

Wat vra jy in jou gebedjie?

Ons gebedjies moet nie soos inkopie lysies wees van alles wat ons net wil hê en hê nie. Ons moet dankie sê vir wat ons het en wat ons gekry het, en die belangrikste is, dat ons Jesus moet vra dat ons Hom meer sal leer ken. En Hy sal vir ons die Heilige Gees gee om Hom meer te leer ken.

Luister wat is die laaste stukkie van die gedeelte wat ons vandag lees, wat sê Jesus moet die mense voor bid? Wat moet hulle vra?

Lees vir die kinders voor uit Luk:11:13 (die laaste gedeelte)

Ek en jy moet bid dat Jesus die Heilige Gees vir ons gee. Sy Heilige Gees sal vir ons help om te weet wat is reg en verkeerd. Die Heilige Gees is soos daardie sagte stemmetjie hier binne in jou wat jou help om reg te lewe, om te weet wat om te vra en wat om te doen. En die Heilige Gees is nie net beskikbaar vir grootmense nie, dis vir almal wat daarna vra, ook vir my en jou, maak nie saak hoe oud ons is nie.

Kom ons bid sommer so in 'n kring, jy kan dankie sê of vra net wat op jou hart is.

doen & leer **tyd**

<u>Maak 'n gebedsjoernaal.</u>

Soms bid ons vir iets, en vergeet ons dat ons iets gevra het, of ons vergeet om dankie te sê as ons gekry het wat ons gevra het. Daarom kan 'n gebedsjoernaal jou help.

Elke dag kan jy in die dag se blokkie neerskryf of teken wat jy in jou gebed vra. Wanneer daardie gebed beantwoord is, teken 'n sterretjie daarby en skryf dit neer in jou "Dankie"- blokkie.

Soms bid ons laaaaaaaaaaank voordat ons kry wat ons vra, en soms kry ons sommer dadelik wat ons vra. Maar ons moet nooit ophou vra nie.

En onthou om te vra dat die Heilige Gees jou sal help om te sien wat God vir jou doen en gee, en sê ook DANKIE daarvoor.

groet **tyd**

Dankie Jesus dat U vir my kom leer hoe om te bid. Al weet ek nie elke dag waarvoor om te vra of dankie te sê nie, kan ek elke dag dankie sê dat U vir my lief is. Help my om U oral en in alles raak te sien.
Amen



My gebedsjoernaal.

Teken of skryf elke dag jou gebed in die blokkie neer. Wanneer jou gebed beantwoord word, maak 'n sterretjie daarby en skryf of teken wat gebeur het in jou DANKIE blokkie.

Maandag

Dinsdag

Woensdag

Donderdag

Vrydag

Saterdag

Sondag

DANKIE!!